# DIE SKIPPER

Gemeentenuus

2024 VOL. 1 25/05/2024

## 04 Mei 2024 BASAAR






### Ons manne kan!

Hierdie jaar het die manne ingespring en die heerlikste koeke gebak! Baie geluk aan **Pieter Vermaak** wie se heerlike Peppermint Crisp koek die eerste een was wat uitverkoop het. Welgedaan aan al die manne!




### Basaar plakkaat kompetisie

Die Kategese het nie teruggestaan nie en die kinders het vir ons die mooiste plakkate gemaak vir die Basaar. Geluk aan **Zelnari Esterhuizen** wie se plakkaat weggeloop het met die meeste likes op Facebook!!.

### Stalletjies en diesmeer










Ons het hierdie jaar gespog met 'n groot verskeidenheid stalletjies met iets heerliks te smul vir elke smaak! Daar was vermaak vir die kinders en die ouers kon rustig saamkuier onder die bome.

Daar was so baie dat ons nie almal hier kan noem nie. **Baie dankie aan elkeen se harde werk. Sonder julle kon ons nie!**








### Basaar Inkomste

Tesame met die uitgawes staan ons tans op R161 080. Ons wil elkeen bedank wat 'n bydrae aan hierdie suksesvolle Basaar gehad het!

Ons begroting vir die Basaar is R180 000. Donasies en skenkings maak steeds 'n groot deel van die Basaar uit en ons wag in vertroue op God se hand.

**Stalletjie Inkomstes**

| | Stalletjie | 2024 |
|---|---|---|
| 1 | Lekkergoed | R9745,00 |
| 2 | Pannekoek | R7516,00 |
| 3 | Kinder Kaskenades | R696,00 |
| 4 | Teetuin / Koeldrank | R4909,60 |
| 5 | Vleis | R54221,00 |
| 6 | Jaffels | R17736,50 |
| 7 | Nagereg | R10370,00 |
| 8 | Kerrie & Rys | R5460,00 |
| 9 | Tuisgemaak | R5200,00 |
| 10&11 | Sosasies & Spit | R15390,00 |
| 12 | Wit Olifant | R4267,00 |
| 13 | Treintjie | R1080,00 |
| 14 | Veiling | R18300,00 |
| 15 | Vark Ark | R6670,00 |
| 17 | Ketties (2024 ingesluit by Kinder Kaske | R0,00 |
| 18 | Doughnuts & Spiraalaartappels | R1449,00 |
| 19 | Slush Puppies | R500,00 |
| 20 | Perderitte | R970,00 |
| 21 | Roomys (2024 ingesluit by lekkergoed | R0,00 |
| | Sub Totaal | **R164480,10** |

## PINKSTER 13—16 Mei 2024



**“Elke aand eet ons saam as “familie van Christus” sop en broodjies direk na die pinksterbiduur.”**

Ons was weereens hierdie jaar bederf met die heerlike kook vernuf van ons dames (en mans) in die gemeente. Dankie aan elkeen, dit was voorwaar ‘n familiekuier.

Hierdie jaar het ons saam met Ds. Carlie stilgestaan by Johannes.

---

## Barmhartigheid

#Jesus #Liefdeinemmers

Ons barmhartigheidswerk onder leiding van Yvonne Johnson en Sandra Du Preez groei elke dag. Ons wil graag die gemeente bedank vir hulle betrokkenheid, veral met die **Saambring Sondae**. Elke bietjie help. Indien jy graag meer betrokke wil raak, kontak gerus vir Yvonne en Sandra om te hoor waar jy kan inval.

## Inligtingsveldtog 2024

Ons wil graag ons gemeente se inligting nagaan en seker maak dat alles korrek is (volgens die Poppia wet). Ons vra verskoning vir die ongerief, maar vra dat u asb. sal deelneem. Inligtingsvorms sal *via* WhatsApp uitgestuur word, en in die voorportaal wees. Indien u enige hulp benodig met die invul daarvan, kontak gerus vir Atha by die Kantoor.

---

## NG Deneysville, deur die Here gegroei tot ‘n rype 30 jaar oud.




Inwyding: Kerksaal en pastorie (22 Februarie 2009)



Kerkantoor en konsistorie—1990



Inwyding—2009

Ek sit baie keer en luister na mense – jy leer mos meer as jy net sit en luister, want as jou mond toe is dan gaan jy iets hoor wat jy dalk nie geweet het nie – maar as jy self praat dan gaan jy net hoor wat jy reeds weet – en dis vervelig.




So luister ek na mense en ek hoor … as so en so net sal verander … as my man net sal verander …. as my vrou net sal bykom … weet jy wat kort ons land: 'n goeie leier. Die afrikaners kort 'n goeie dinamiese leier.

Weet jy, as God so geredeneer het dan was hier nie vandag 'n gemeente in Deneysville nie. As God moes wag tot die meeste van ons aan die lewe gekom het, of hier 'n sterk dinamiese leier opgedaag het, sou hier nie vandag 'n groeiende gemeente gewees het nie.

Ek het gaan kyk in die geskiedenis van die gemeente. Vanaf die Oranjeville dae was daar twis en stryd en herhaalde skeuring oor goed wat dikwels min met die kern van die Bybel uit te make het. By ons eie afstigting is gemaan vanuit Bloemfontein Sinodale kantore, julle is te klein. Gemeentes smelt saam. Afstigting gebeur nie meer nie.

Maar God het anders gedink.

- In 1937 was daar sprake van dorpstigting te Deneysville. Die kerkraad van Oranjeville het beswaar aangeteken. Hulle wou die hoofkerksentrum bly. (bl 35 geskiedenis.
- In 1970 lei Hy die kerkraad van Oranjeville om buitedienste een maal per maand in Deneysville te hou.
- Op 26 April 1970, na 'n groot poging van die Deneysvillers, word die saal in gebruik geneem.
- In 1979 moes daar noodgedwonge met eredienste elke Sondag hier begin word. Die sakramente word vir die eerste keer op Deneysville bedien.
- 12 Februarie 1983 word prop Pieter Oberholzer as leraar vir Deneysville-wyk bevestig.
- Op 13 Junie 1987 bring die Here prop Carlie Schiel hierheen.
- En op 17 Junie 1994 stig Deneysville af van Oranjeville met ds Schiel as eerste leraar.


Deneysville—Eerste kerkraad 1994

- En op …......... bring die Here u hierheen.
- Op 17 Junie 2024 is NG Deneysville deur die Here se genade alleenlik nou 'n mooie 30 jaar oud.

Dit is die storie van die lewe en van hierdie gemeente veral die deel wat sê maar God, God het anders gedink.

God wag nie op ander nie. God wag nie op mense nie. God neem die inisiatief. God werk self Sy plan uit. God gaan na Abraham en sê: Ek wil 'n verbond sluit met jou … God doen dit, want Hy weet Abraham en sy nageslagte gaan dit nodig kry. God gaan haal vir Moses. Vir Jeremia. Vir Petrus en Johannes. En God gaan haal Saulus op sy vervolgings-pad na Damaskus. En Saulus word Paulus.

En God gaan haal vir u en my, bring ons tot bekering en kom plaas ons hier saam in Deneysville. God plaas ons hier om Sy koninkryk hier sigbaar te maak. En ja, God maak nie passasiers nie, God skep diensknegte en diensmeisies wat ook geliefde kinders van Hom is.

Daarom kyk ons met vertroue vorentoe want ons ken die Here en ons ken jou getrouheid.

**-Ds. Carlie Schiel**

## Gemeente ete—30 Junie 2024

Ons sal DV Sondag 30 Junie om 11:30 vir 12:00 'n Gemeente ete hou om die gemeente se 30 jaar te vier. Dit sal ook ons afskeidsete aan Ds. Carlie wees synde dat dit sy uittree preek ook is die Sondag.

Dit is egter net belangrik dat jy asb. RSVP voor/op 12 Junie aan die kerkkantoor.

## Opkomende datums:

**Junie 2024**

02—Saambring Sondag

09—Lofprysingsdiens tydens Kategese afsluiting

16—Dankdiens (30 jaar viering) Vadersdag

30—Ds. Schiel uittree preek

**Julie 2024**

07—Saambring Sondag
Ds. Du Preez intreepreek

14—Kategese heropen

**Augustus 2024**

04—Saambring Sondag
14—Kerkraadsvergadering
18—Nagmaal

**Kontakbesonderhede**:

Vir enige navrae of hulp kan Atha by die kerkantoor gekontak word:

Tel: (016) 371 1405

WhatsApp: 0163711405

Epos: ngdeneysville@outlook.com

---

**Bankbesonderhede:**

NG GEMEENTE DENEYSVILLE
ABSA Tjekrekening
Takkode: 630-137
Reknr: 405-226-4018

**Volgende uitgawe : 25 Augustus 2024.**